

Die seën vir die nageslag

Teks: Jesaja 44: 1- 5

Teksvers: Jesaja 44: 3

1. Inleiding

Geliefdes ons is vanoggend hier bymekaar rondom 'n spesiale geleentheid, want ons gaan in hierdie ere diens ook die sakrament van die Heilige Doop bedien. En getrou aan ons Gereformeerde oortuigings gaan ons ook hierdie sakrament aan 'n verbondskind bedien. Want alhoewel geloof 'n sterk persoonlike individuele karakter het, is daar ook iets groter aan geloof. Daar is uiteindelik iets groter aan die seën van die Here. So groot dat dit ook nie net tot een enkele mens beperk kan word nie.

Hierin lê vir ons juis ook die kontras vandag. Want ons het te doen met 'n swak klein mensie. In kort is Daniël wat ons vanoggend hier doop is nog heeltemal afhanklik van die versorging van sy ouers vir byna alles. Tog is die genade en seën van die Here groot genoeg om ook hom te omvou. Ons gaan sien dat ons selfs van die werking van die Heilige Gees kan praat in klein babas.

Uiteindelik is dit presies ook waar ons vandag weer die genadige boodskap van die evangelie ervaar. Die boodskap, dat selfs ook ons, in ons swakste plek van die doodsheid van die sonde begenadig is. Dat ons daaruit wedergebore kon word uit die sterwe en opstanding van ons Here Jesus Christus. Dat ook ons vandag tot eer en verheerliking van God te kan leef. Ons deel ook in hierdie genade van die Here wat groter is as 'n enkele mens, volk

Oggend Preek

of generasie. Meeste van ons deel juis ook al in hierdie seën van die geloof wat al reeds in ons ouers en hulle ouers voor hulle gewerk is deur die Heilige Gees.

Kom hoor weer vanoggend die bekende verbondsbeloftes ook vir die nageslag van die kinders van die Here. Kom ons deel in groot genade van die Here, wanneer ons ook vanoggend die teken en seël van die sakrament van die Heilige doop beleef.

2. Versorging

Die eerste beeld wat in ons teksvers gebruik is volop water. En in 'n waterskaars land soos Suid Afrika verstaan ons hierdie beeld baie goed. Water is nodig vir lewe, beide vir plante, diere en mense. Wanneer dit dus by versorging kom, kan ons dus sê dat water sekerlik die mees basiese behoefte is. Die profesie oor die uitkoms en herstel van die volk in ons teksgedeelte begin dan ook by 'n beeld oor hierdie basiese versorging. Want wanneer die volk van die dors sterf wie sal terugkeer na die beloofde land.

Hierdie basiese versorging is presies waar die seën van die Here ook begin. Maar die mens leef nie van water alleen nie. Jesus leer ons ook om vir ons daaglikse brood te bid in die Onse Vader gebed. En brood word nie verberg in die rivier of dam nie, nee die dorsland is die belangrike plek waar brood ontstaan. Want die dorsland verander in 'n vrugbare land wanneer water ontvang word. Dan kan saad ontkiem en groei. Tog het die mens steeds 'n belangrike rol en opdrag in hierdie verband. Sonder die versorging en

inspanning van die boer sal daar niks van die dorsland af kom nie.

Met die mens is dit dieselfde. Ook mense kon almal net heeltemal een vir een deur die Here geskape word. Maar God gee aan ons in genade 'n struktuur en proses. God gee die verbondsgesin waarin kinders verwek word. Ons hemelse Vader is die groot versorger van lewe, maar gee ons die voorreg om hierdie versorging te bedien. Hierdie bediening begin binne die verbondsgesin. Om dus ons kinders nie te sien as deel van die verbond en geloofsverhouding met die Here nie, sal uiteindelik ook 'n verdraaide oortuiging oor versorging laat. Die geestelike en fisiese sake sal uiteindelik so ver van mekaar geskei word, dat die geestelike onbelangrik word en verdwyn.

3. Geestelike hernuwing

Maar 'n mens leef tog nie net van brood alleen nie, is Jesus se bekende woorde in Matteus 4:4. Daar is ook geestelike versorging nodig, elke woord wat uit die mond van God kom. En dit is juis op hierdie punt waar ons in 'n heeltemal verdraaide samelewing leef. Want in terme van wetgewing en selfs populêre oortuiging rondom ons, lewe ons in 'n pro-keuse wêreld. Hierdie sondige standpunt behels die reg van die swanger vrou om self besluite oor hul eie liggaam te neem. Dit gebeur omdat die baba nog nie as 'n menslike lewe erken word voor geboorte nie. En 'n wanneer dit nie 'n menslike lewe is nie, is daar nie fisiese of geestelike versorging nodig nie.

Maar dit juis ook in hierdie gebied wat ons teksgedeelte die waarheid reguit en duidelik aan ons openbaar. Ons sien in Oggend Preek

vers 2 dat God reeds jou gemaak en gevorm het in die moederskoot. Daar is dus reeds 'n verhouding tussen die ongebore baba en die Here. So dus selfs voor fisiese versorging en voeding 'n saak word, is daar alreeds geestelike versorging. Ons glo en bely dat ons uitverkiesing deur die Here alreeds voor ons geboorte geskied. En wie God liefhet en uitverkies sal Hy seën en versorg tot op die dag dat hierdie werking van Heilige Gees openlik voor die mense bely kan word.

In die besonder is dit wat ons ook in die verbondsgesin sien. Die genade waardeur die Vader ook beskik dat kinders gebore word binne die struktuur van 'n Godvresende familie. Met ander woorde 'n familie wat die vermoë het om ook die geestelik versorging te kan voed en ondersteun. Ons het dus geen ander keuse as om ook hierdie interne verhouding met die Here ekstern te bely met die teken en die seël van die doop nie.

4. Oorvloedige seën

Wanneer ons oor lewensmiddele, seën en genade ook in verband met kinders praat voel dit so klein. Kinders is immers klein en ons kan argumenteer dat hulle min lewensmiddele ens. nodig het nie. Tog sien ons juis 'n ander benadering in die wêreld om ons. Kinders het gespesialiseerde sorg nodig. Dit begin al by iets soos 'n pediater in plaas van 'n gewone huisdokter. Ons erken ook vandag dat kennis en ander moeilike begripe op 'n gespesialiseerde manier aan kinders oorgedra word. Dit is immers belangrik vir hulle ontwikkeling.

Tog wanneer dit by geloofsake kom word die kinders maklik buite die kerkdeur, of in een of ander speelgroepie buit die kerkgebou gelaat. Maar in ons teksvers sien ons duidelik die uitgieting van die Gees en seën op kinders en nakomelinge. Geloof en die genadige verlossing in ons Ons Here Jesus Christus is groter as net die individu. Dit is groter as die grootmense. Dit sluit gespesialiseerd ook die kinders nie. En daarom word die kinders petinent genoem wanneer daar oor verbondsbeloftes gepraat word.

Ons sien dit in ons teksvers en gedeeltes soos Handeling 2:39: “³⁹Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep”. In die oorfloedige seën van die Here is daar nie eers ’n voorwaarde of vlak wat die mens moet bereik voor redding deur die versoeningsoffer van Christus kan plaasvind nie. Daarom word verbondskinders ongeag van hulle ouderdom of intellektuele vermoë ingesluit in die oorfloedige seën van die Here. Die teken en seël van hierdie oorfloedige genade van die Here is dan die sakrament van die doop.

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit met ’n laaste fokus op die plek van kinders. Ons leef in ’n besige en kompleks samelewing. En ons kinders net soos die volwassenes het deesdae beperkte tyd. Want daar is so baie sake wat om aandag en langdurige spesiale aandag skree. Dikwels sien ons dat die geloof dan die bal is wat op die grond val. Die saak waaraan daar nie aandag gegee word, van kleins af nie.

Daar word maklik geredeneer dit kan op ’n later ouderdom gebeur.

In die Christelike geloof het hierdie benadering baie veld gewen in die ongewildheid van die verbondsdooop. Want skielik word familie betrokke by geloofsgemeenskap nie meer noodsaaklik nie, want dit is nie noodsaaklik dat ’n kind gedoop word nie. Aan die ander kant het die kerk weer vinnig geantwoord met gespesialiseerde programme en aktiwiteite vir kinders. Hierdie aktiwiteite en programme het goeie bemarkings materiaal geword om lidmate te lok na ’n spesifieke kerk.

Tog leer die Here vir ons die regte manier uit Sy woord. Die kinders van gelowige ouers is deel van dieselfde verbond. Daarom wanneer die by verbondsonderrig en die uitlewing van verbondskennis kom deel ons as ’n hele gesin daarin. Ons bedien die teken en seël van die doop om die volwaardige lidmaatskap van ons dooplidmate te bevestig. Ons aanbid ook dan verder as die hele gesin gesamentlik die Here in die erediens. En ons gaan bedien ook die Here se oorfloedige seën aan die wêreld daar buite. Ook daar is mense wat nog deur die Here nader getrek moet word aan die gemeenskap van die gelowiges.

Amen